

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
25 Februarie 1973

Onderwerp: Ontnugtering

Lees: Matthéüs 25 verse 1 tot 13  
Teks: Matthéüs 25 vers 8  
Sing: Psalm 68 vers 90  
Gesang 33 verse 5 en 7  
Gesang 29 vers 5

“Otnugtering is altyd iets verskrikliks. Dit is vreeslik as ouers ontdek dat die kind van hulle hart ’n niksnuts is, wat skande gemaak het terwyl hulle hom vertrou het. Of as iemand ontdek dat wat soos ’n onskuldige kwaal gelyk het, ’n ongeneeslike kwaadaardigheid geword het.

“Otnugtering is altyd verskriklik, maar dit is nooit erger en nêrens so noodlottig as wanneer dit oor mense se sieleheil en ewige lotsbestemming gaan nie.

“Wat is die verskriklikste ding wat met ’n mens kan gebeur? Broers en Susters, dit is om te dink jy is gered en om te laat uit te vind dat jy verlore is. Iets van hierdie verskriklike ervaring tref ons aan by die kreet van die vyf dwase maagde: ‘... ons lampe gaan uit.’

“Dit is die ontnugtering van mense wat rustig voortgeleef het in die waan dat hulle die Hemel sou beërwe, maar toe dit té laat was, moes ontdek dat hulle verlore is.

“Dit is teen hierdie ontnugtering wat Jesus gewaarsku het in een van die gewigtigste woorde wat Hy ooit uitgespreek het: ‘Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!’ (Matt 7:21-23)

“Dit sal erg genoeg wees om in die verdoemenis te ontdek dat jy verlore is. Dit sal nog erger wees om te ontdek dat jou dierbare kinders in die verderf beland het, omdat hulle oor jou gestruikel het; dat jy vir hulle ’n struikelblok was omdat jy geen geloof gehad het nie.

“Waarom is hierdie ontnugtering so verskriklik? Omdat die bitterste selfverwyt sulke mense sal pynig.

In die oomblik van ontnugtering sal hulle vra: Waarom het ons nie kanne vol olie gebring nie? Ons het al die kanne gehad!

“As ’n ongeluk my tref, kan ek troos vind as dit nie my skuld was nie. Maar as ek weet dit was as gevolg van my nalatigheid, is die smart des te swaarder vanweë die selfverwyte.

“Die dwase maagde sal hulle tot in ewigheid pynig met selfverwyte. Waarom het ons nie olie gekoop nie? Dit was ons versuim. Ons alleen is te blameer. As Jesus op so baie plekke van die hel sê dat daar geween en gekners van tande sal wees, praat Hy miskien van hierdie selfverwyte?

“Ontnugtering is verskriklik omdat die bitterste wanhoop sulke mense sal verteer. Broers en Susters, wanhoop is erger as berou en selfverwyte.

“Alhoewel ontnugtering altyd verskriklik is, kan ’n mens soms wel iets daaraan doen. Maar wat hierdie ontnugtering betref, sal daar niks wees wat jy kan doen nie, omdat dit te laat sal wees. As die Bruidegom eers gekom het, is dit té laat om reg te maak wat verbrou en versuim is. Wanneer Jesus op die wolke verskyn, sal dit té laat wees om nog in Hom te glo as jy tot op daardie oomblik geweier het om dit te doen. Broers en Susters, mag die Gees van God ons wakker skud om seker te maak dat ons lampe nie sal uitgaan as Jesus kom nie.

“Hoe kan ons hierdie ontnugtering verhoed?

“Broers en Susters, hierdie vyf dwase maagde verteenwoordig die Fariseërs binne die kerk van Jesus Christus. Dit is mense wat gekenmerk word deur onbekeerdheid, skynheiligheid en huigelary. Dit is mense met ’n gedaante van Godsaligheid. Uiterlik is hulle vroom, maar innerlik verlore.

“Twee kenmerke staan voorop in sulke lewens: selfversekerheid en selfsug. En dit is teen hierdie twee gesindhede dat Jesus ons herhaaldelik waarsku. Die vyf dwase maagde was dood tevrede met die status quo in hulle geestelike lewe: Ons tel onder die tien. Ons is gereeld in die kerk. Ons is lidmate. Ons het ’n Bybel en die Dominee doen huisbesoek by ons.

“In plaas daarvan dat hulle seker gemaak het dat daar olie in hulle lewenskan was, het hulle hulself probeer troos met uiterlike dinge.

“Die Fariseërs word gekenmerk deur selftevredeheid en geen besef van sonde nie. Broers en Susters, daarom antwoord die Heidelbergse Kategismus: om salig te kan lewe en getroos te kan

sterwe, is eerstens nodig om te weet hoe groot my sonde en ellende is; en om te weet hoe ek van hierdie sonde en ellende verlos kan word en seker te wees dat ek gered is.

“Die een uitstaande kenmerk van ’n huigelaar is dat hy altyd tevrede is met homself. Hierteenoor is die uitstaande kenmerk van ’n verlose sondaar dat hy altyd ontevrede is met homself. Die verlose sondaar sê: Niemand is slegter as ek nie. Die Fariseër sê: Niemand is beter as ek nie.

“Onthou Jesus se woord in Mattéús 7 vers 22: ‘Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?’

“Sien u waarop hulle, hul vertrouwe stel? Hulle stel dit op die dinge wat hulle self gedoen het. ’n Verlose siel stel sy vertrouwe nooit op wat hy self gedoen het nie, maar op wat Jesus vir hom gedoen het. ’n Gelowige roem nooit op eie verdienste nie, maar op die soenverdienste van Jesus Christus aan die kruis.

“Op die vraag of hulle ’n kind van God is, sê mense so graag: Ek dink so. Ek hoop so. As u so antwoord, weet u nog nie wat redding is nie.

“’n Mens word gered alleen deur vertrouwe in Jesus Christus en nooit deur vertrouwe in jouself nie. Selfvertroue het nog nooit ’n siel gered nie. Dit kan net geloofsvertroue doen.

“Ons word ook gewaarsku om nie selfsugtig te wees nie. Wat was die eerste ding wat die dwase maagde gedoen het toe hulle uitgevind het dat hulle lampe nie brand nie? Hulle het na die wyse maagde gegaan en gesê: ‘Gee vir ons van julle olie’. Gee vir ons! Daar het u die tipiese leuse van ’n mens wie se siel nie gered is nie. Dit is selfsug. Dit gaan om hulle eie gerief, eie gewin, eie eer en eie voordeel. Dit is hulle prioriteit. Die eie self is die enigste koning wat hulle ken. Die eie ek is die enigste god wat hulle dien. Jy sien dit aan hulle gawes vir die HERE se werk. Jy sien dit aan die tyd wat hulle vir God gee. Dit spreek uit hulle houding teenoor ander.

“Broers en Susters, in ons lewens moet eers gebeur wat gebeur het in die lewe van die Verlore seun. Sy verhaal en afdraende pad het begin waar hy nog net kon sê: Gee my. Sy verhaal het geëindig in die arms van sy Vader nadat hy geleer het om te bid: ‘Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.’ (Luk 15:21)

“Amen.”